6 Junie: Praat maar net oor die Here. God sal vir die res sorg. – Jan van der Watt

Hand 18:1-28 (fokus 18:1-11)

In Hand 18:5 lees ons hoe hard Paulus probeer het om die Jode van die evangelie te oortuig. Hy het regtig alles ingesit met sy redenasies, maar dit wou net nie werk nie (18:6). Toe sê die Here vir Paulus hy hoef nie self so hard te probeer nie. Hy kan maar die slim redenasies los en bloot net oor die Here praat (18:9). Dit is genoeg. Alles hang immers nie net van homself af nie… God is ook daar. Toe Paulus dit snap het die evangelie ontplof. So moes Paulus leer dat die dinamiet van die evangelie nie in ons lê nie, maar in die God wat agter daardie evangelie sit.

Dit is moeilik om te dink dat daai stukkie getuienis van my, daai klein stukkie wat ek vir ander "van die Here vertel" genoeg is om die evangelie te laat ontplof. Maar dit werk so, want God sit daaragter. 'n Russiese polisieman uit die kommunistiese tyd vertel dat hy op 'n trein gesit en toevallig iemand daar oor Jesus hoor praat het. Die boodskap het so vreemd geklink dat dit by hom bly vassteek het. Later het dit hom begin pla. In 'n tronk loop hy toe twee gevangenis raak wat so anders was as die ander… en hulle het oor dieselfde Jesus gepraat. Toe kon hy nie anders nie – hy wou ook so wees… En God het die vuur in hom aangesteek. Vandag is hy 'n dominee iewers in Rusland…

Praat maar net oor die Here – dit is genoeg. God sal vir die res sorg.